

Hof beslis teen belastingpligtige misbruik van hofstelsel

Tshwane, 23 September 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die uitspraak, ten gunste van SARS, in die kwelsugtige litigasie aansoek teen mnr. Gary van der Merwe, en ander, deur die Kaapse Hooggeregshof.

Dit is die eerste keer in SARS se geskiedenis dat die organisasie 'n kwelsugtige litigasie aansoek bring teen die obstruktiwe optrede van 'n belastingpligtige met die doel om regsverrigtinge te vertraag.

Die hof het vroeër hierdie week bevind dat die regsaksie deur mnr. Van der Merwe, en ander, 'n ernstige risiko inhou vir negatiewe impak op die hofstelsel en die administrasie van geregtelikheid en klaarblyklik lei tot misbruik van die hofproses.

Volgens die uitspraak, was Van der Merwe se optrede 'n ergelike voorbeeld van 'n belastingpligtige wat die hofstelsel misbruik en ongegronde aantygings teen SARS maak vir korrupsie, bedrog en teistering.

Die uitwerking van hierdie beslissing, is dat mnr. Van der Merwe geen regsstappe mag instel teen enige persoon (insluitend SARS) sonder om eers die hof se toestemming te kry nie. Die bevel in van toepassing op mnr. Van der Merwe in sy persoonlike hoedanigheid en in sy hoedanigheid as trustee of direkteur van enige maatskappy, en op die trustees van Eagles Trust.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die regsaksie deur mnr. Van der Merwe, en ander, die afgelope tien jaar daarop gemik was om die organisasie te dwarsboom in die vervulling van sy gewettigde mandaat en om elke poging, om finaliteit aan sake teen hom te bring, te frustreer.

"SARS sal altyd sekerheid en helderheid bring aan belastingpligtiges om hul verpligtinge na te kom. Waar 'n dispuut voorkom, het SARS stelsels in plek om sake goedgunstig op

te los, sonder om na litigasie oor te gaan. Dit stuit nie belastingpligtiges om hul reg uit te oefen om verligting by die howe te soek indien hul nie tevrede is met uitkomst nie."

Die kommissaris het die hoop uitgespreek dat die uitspraak ander sal ontmoedig daarvan om beuselagtige en kwelsugtige litigasie teen SARS in te stel om hom te verhoed om sy kernwerk uit te voer; wat behels die invordering van alle inkomste verskuldig om sodoende die regering in staat te stel om 'n bekwame staat te bou wat die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van ons land, en die welstand van alle Suid-Afrikaners, bevoordeel.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.